Laurika op Nagskof. 1990

Van Hemert en Rauch span saam

Ilse van Hemert

Deur Marguerite Robinson

WANNEER 'n mens die talente van twee uitsonderlike vroue saamgooi, beloof die eindproduk om 'n verrassing te wees. Enersyds is daar die vernuwende regisseur Ilse van Hemert en andersyds die veelsydige sanger Laurika Rauch. En die finale produk sal 'n musiekmaskarade wees.

Volgens Van Hemert is die beskrywing "musiekmaskarade" die naaste aan wat gehore te wagte kan wees – nie ligte musiek nie, nie kabaret nie en beslis nie net sang nie.

Die projek is ook nie net dié van die twee vroue nie. Die kunstenaar/dramaturg/liriekskrywer Pieter J. Swanepoel, die musiekverwerker Peter McLea en die akteur/sanger Philip Moolman is ook betrokke by dié uitsonderlike aanbieding wat in November deur Truk op die planke gebring word.

Sedert die opvoering van *Met permissie gesê* het Van Hemert nog altyd geglo die speeltalente van Rauch is nog nie na behore ingespan nie. Rauch het op haar beurt nog altyd hoë agting gehad vir die besondere werk wat Van Hemert doen. Om eendag saam te werk aan 'n unieke projek was net 'n kwessie van tyd.

Van Hemert glo die musiekmaskarade sal 'n verrassing wees vir Rauch-aanhangers. "Dit kan dalk die bekende gehore onkant vang, maar miskien sal dit haar aan 'n breër of self nuwe gehoor bekend stel."

Van Hemert wil die maskarade in die styl van 'n pop-video aanbied. Tematies gaan dit oor die drome, hoop én nagmerries van een vrou in die loop van 'n nag. En dit is hier waar Moolman ook in verskillende gedaantes sal verskyn.

Met só 'n aanbiedingstyl kan daar na hartelus gespeel word met sang, maskers en visuele hulpmiddels soos skyfies. Iets waarmee Van Hemert in *Die man in die blou maan* geëksperimenteer het en wat hier verder gevoer kan word. 'n Groot verskil is dat sang 'n integrale deel van die opvoering sal uitmaak.

Meeste van die liriek, monoloë en dialoë is reeds deur Swanepoel geskryf, maar die musiekverwerkings moet nog gedoen word. Swanepoel was terloops ook betrokke as liriekskrywer by *Man in die blou maan*, terwyl McLea van die verwerkings op Rauch se jongste plaat *Stuur groete aan Mannetjies Roux* gedoen het. In dié stadium is daar nog nie op 'n naam vir die musiekmaskarade besluit nie.

Vir Van Hemert bied dié jongste projek die geleentheid om Rauch as 'n speler te ontgin, terwyl sy ook haar hand kan waag aan die uitdagings wat sang as die hoofkomponent van 'n produksie aan 'n regisseur stel. "En dit met een van die beste sangers in die land."

Maar die proses om by 'n nuwe eindproduk uit te kom, is nie 'n maklike een nie. "Ek is bang – soms raak ek vrek bang vir my eie kop." Maar as 'n bewese regisseur en met al die ander talente daarby, kan dit net nog 'n belewenis vir Suid-Afrikaanse gehore wees.

Laurika Rauch